
# CHLORMAX WP


BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY
CHLORMAX WP
HERBICIDE
Reg. No. L7322, Act/Wet No. 36 of/van 1947
1: 08/07/2003
A wettable powder post-emergence herbicide packed in water soluble sachets for the control of broadleaf weeds in soya beans as indicated.
'n Benatbare poeierna-opkomsonkruid-doder, verpak in wateroplosbare sakkies vir die beheer van breëblaar-onkruide in sojabone soos aangedui.
HRAC HERBICIDE GROUP CODE
B
HRAC ONKRUIDDODERGROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL
Chlorimuron-ethyl (sulfonylurea) 250 g/kg Chlorimuronetiel (sulfonielureum)
Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika
35g
UN Number: 3077
Meridian agritech
GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
Lotnommer
Datum van vervaardiging
VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
Batch Number
Date of manufacture
REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG

**WARNINGS**

- **Withholding period:** Allow 60 days between last application and harvest of soya beans.
- Over exposure to the product may irritate eyes, skin and mucous membranes.
- Store in a cool place, dry place away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Should the recommended dosage be exceeded, crop damage may result with consequent yield reduction.
- Under prolonged cool and wet conditions following application; leaf chlorosis (yellowing) and retarded crop development may occur.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS**

- Ensure that soluble bags stay dry at all times, until mixing takes place.
- Wear rubber gloves and face shield when handling the concentrate.
- Avoid skin and contact with eyes by wearing protective clothing when mixing the product.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact as well as contaminated clothing.
- In case of eye contact, immediately flush with water.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Do not inhale spray mist and avoid contact with spray.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- **Clean applicator after use:** Special attention and care must be taken in cleaning all equipment used in the mixing and application of **Chlormax WP** to avoid possible damage to other crops.
  - i) Drain tank completely and flush tank, boom, hoses and nozzles with ample clean water. ii) Drain tank again and fill with clean water.
  - iii) Add household ammonia at a rate of 1 ℓ for every 100 ℓ of water.
  - iv) Bleed the entire system once again to ensure that the ammonia solution has filled all hoses, boom and nozzles.
  - v) Leave the ammonia solution in the system for approximately 1 hour before draining the tank and pipe system.
  - vi) Repeat steps iii) to v).
  - vii) Nozzles and filters should be removed and placed in an ammonia solution of the above concentration above for at least 1 hour.
  - viii) Contamination on mixing equipment should be washed with ammonia solution and any contamination on the outside of spraying equipment can be removed with clean water.
- Dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Destroy the empty container and do not use for any other purpose.

**USE RESTRICTIONS**

- **Follow-up crops after application to soya beans:**
  - i) Treated areas may be planted to soya beans any time after **Chlormax WP** application.
  - ii) Treated areas may not be planted to wheat within 3 months of **Chlormax WP** application.
  - iii) All other crops may not be planted within 9 months of **Chlormax WP** application.
  - iv) Longer residual in respect of very sensitive follow-up crops may result from:

1. **Chlormax WP** applied to soils with a pH higher than 7.0 (KCl) and/or soils containing free lime.
2. More than one **Chlormax WP** application in the same season.

- Under these circumstances, consult your technical representative for specific recommendations.
- To avoid potential damage to follow-up crops, the waiting periods indicated above must be adhered to following application of **Chlormax WP**. A test planting is recommended in all cases.
- **Chlormax WP** has a residual effect on germinating weeds. This effect varies depending on weed species, soil pH, soil moisture and temperature, soils with high organic matter content and plant residues, and soils with a high clay content (usually with high cation exchange capacity).
- Prepare only sufficient spray mixture for immediate use. Unused spray mixture may not be kept overnight.
- Rain or irrigation within 1 hour (or before the spray deposit has dried) of **Chlormax WP** application may result in reduced efficacy on emerged weeds.
- Apply only to weeds in the growth stage/s indicated in the weeds table below.
- Do not use **Chlormax WP** in soya beans which are interplanted with any other crops.
- Do not apply to crops and weeds stressed by abnormal weather or growing conditions, drought, waterlogged soil, insect damage, nematode infections, diseases, nutritional deficiencies or crops under stress through prior use of other agrochemicals.
- Do not use **Chlormax WP** on crops which already show symptoms of soil borne diseases as the combination of disease and **Chlormax WP** application may result in stand loss.
- Do not use **Chlormax WP** in combination with organophosphate insecticides.
- The effectiveness of the **Chlormax WP** application may be reduced if cool, dry conditions prevail after application.
- Temporary leaf yellowing and/or leaf crinkling of soya beans may occur following **Chlormax WP** application. Under favourable growing conditions, the crop will recover quickly and yield should not be affected.
- Do not apply **Chlormax WP** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **Chlormax WP** using an accurate and safe application technique.
- If **Chlormax WP** is used in a tank mix with other recommended remedies, consideration should be given to the restrictions of those respective products.
- Do not apply **Chlormax WP** more than twice in one season to the same crop.

**RESISTANCE WARNING**

For resistance management, **Chlormax WP** is a group code B herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **Chlormax WP** and other group code B herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **Chlormax WP** or any other group code B herbicide.

**To delay herbicide resistance:**

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and therefore neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses as a result of **Chlormax WP** not controlling resistant weeds. Do not apply **Chlormax WP** alone in situations where weed resistance has been confirmed. Sub-standard application of **Chlormax WP** or other ALS inhibitor herbicides will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance.

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**

**MIXING INSTRUCTIONS**

Pre-mix the **Chlormax WP** as follows:

- Do not handle water soluble bags with wet gloves.

- Count the number of sachets required according to the number of hectares to be treated and the spray tank capacity.
- Add the counted soluble bags into a bucket with water and mix, ensuring complete disintegration of the bags and complete dispersion of the contents.

Half-fill the spray tank with suitable water. Pre-mix the required quantity of **Chlormax WP** in at least 10 ℓ of spray water as indicated above. Then add the pre-mixture to the water in the tank while agitating. Rinse the pre-mixing bucket with water into the spray tank followed by the addition of the recommended quantity of surfactant. Finally, add the partner remedy as appropriate. Fill the spray tank to the desired volume. Agitate the mixture to ensure good mixing prior to application. Should tank mixtures with other agrochemicals be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight**. Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation as described above.

**COMPATIBILITY**

The compatibility of **Chlormax WP** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not use **Chlormax WP** in conjunction with organophosphate insecticides.

**APPLICATION METHODS**

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application.

**Ground application:**

Knapsack sprayers or tractor mounted boom sprayers may be used. A spray volume of 200 – 400 l/ha should be used for ground application and can be applied via solid- or hollow cone nozzles. **Constant agitation throughout the spray operation is essential**. Only clean water should be used. Prevent overdosing by avoiding overlapping of swaths and closing the nozzles while starting, slow movement, turning and stopping.

**AERIAL APPLICATION**

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met;

**Equipment**

- Use suitable atomising equipment (hydraulic nozzles or rotary atomisers) that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure the minimum loss of product through drift.
- The operator must use a nozzle set-up that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

**Application Parameters**

- A minimum volume of 30*l* spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A droplet coverage of 30 – 40 droplets per sq cm must be recovered at the target.
- A droplet spectrum with a VMD of 250 – 280 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD less than 150 microns, is restricted to a minimum.
- The height of the spray boom should be maintained at between 3 and 4m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.
- Apply before the crop growth becomes too dense, which will interfere with overall plant coverage.

**Meteorological Conditions**

- The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer, must not exceed 8 ºC.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions nor during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer).
- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

**General**

- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met.

**Soya beans**

Apply as a full cover spray. Apply **Chlormax WP** post-emergence from 2 – 4 weeks after planting on emerged weeds within the growth stage as indicated below. Apply one sachet per hectare (35 g / ha). A second application 14 – 21 days later may be necessary to control newly germinated weeds or weeds which were not adequately controlled by the first application.

**RECOMMENDATIONS**

| CROP | DOSAGE (g/ha) | TIMING OF APPLICATION |
|---|---|---|
| **Soya beans** | 35 g/ha<br>(1 sachet / ha)<br>**PLUS**<br>A suitable non-ionic surfactant at recommended rate | **Ground application:**<br>Apply in 200 – 400 ℓ water / ha. Best weed control will be obtained when application is made to weeds growing actively under stress-free environmental conditions.<br>Weeds must not exceed the growth stage indicated below.<br>**Aerial application:**<br>Apply as above in 30 ℓ water / ha. Add an anti-drift agent or anti-evaporant if needed. |

**<u>WEEDS CONTROLLED BY CHLORMAX WP:</u>**

| | | |
|---|---|---|
| *Amaranthus hybridus* | Common pigweed | (4-leaf stage) |
| *Amaranthus thunbergii* | Red pigweed | (4-leaf stage) |
| *Bidens pilosa* | Blackjack | (4-leaf stage) |
| *Chenopodium album* | White goosefoot | (4-leaf stage) |
| *Coronopus didymus* | Swine cress | (4-leaf stage) |
| *Cosmos bipinnatus* | Cosmos | (4-leaf stage) |
| *Datura ferox* | Large thorn apple | (4-leaf stage) |
| *Datura stramonium* | Thorn apple | (4-leaf stage) |
| *Galinsoga parviflora* | Gallant soldier | (4-leaf stage) |
| *Leucas martinicensis* | Tumble weed | (4-leaf stage) |
| *Nicandra physaloides* | Apple of Peru | (4-leaf stage) |
| *Raphanus raphanistrum* | Wild radish | (4-leaf stage) |
| *Richardia brasiliensis* | Tropical Richardia | (4-leaf stage) |
| *Solanum nigrum* | Black nightshade | (4-leaf stage) |
| *Tagetes minuta* | Khaki weed | (4-leaf stage) |
| *Xanthium strumarium* | Cocklebur | (6-leaf stage, 1 true leaf) |

**<u>Variable post-emergence control only</u>**

| | |
|---|---|
| *Commelina benghalensis* | Wandering Jew |
| *Cyperus esculentus* | Yellow nutsedge |
| *Ipomoea purpurea* | Morning glory |
| *Tribulus terrestris** | Dubbeltjie |

**WAARSKUWINGS**

- 
- **Onthoudingsperiode:** Laat 60 dae verloop tussen toediening en oes van sojabone.
- Oormatige blootstelling aan die produk mag irritasie van oë, vel en slymvliese veroorsaak.
- Berg in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Indien die aanbevole dosis oorskry word, mag gewasskade veroorsaak word met gevolglike laer oesopbrengs.
- Langdurige koue en nat toestande na toediening kan lei tot chlorose (vergeling) van die blare en vertraagte groei van die gewas.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat gespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffenheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordlikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloed op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS**

- Verseker dat oplosbare sakkies ten alle tye droog gehou word totdat vermenging plaasvind.
- Dra rubberhandskoene en 'n gesigskerm wanneer die konsentraat gehanteer word.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak; so ook die besoedelde klere.
- In geval van kontak met oë, spoel onmiddellik uit met water.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Moet nie die spuitnewel inasem nie en vermy kontak met spuitstof.
- Voorkom spuitstofwegdrywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- **Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik:** Spesiale aandag moet gegee word aan die skoonmaak van alle spuittoerusting sowel as vermengingsapparaat na toediening met **Chlormax WP** om moontlike skade aan ander gewasse te voorkom.
  - i) Dreineer spuittenk en spoel spuittenk, spuitbalk, pype en spuitpunte deeglik uit met genoegsame skoon water.
  - ii) Dreineer die spuittenk weer en maak vol met skoon water.
  - iii) Voeg huishoudelike ammoniak by teen 'n konsentrasie van 1 ℓ per 100 ℓ water.
  - iv) Bloei die hele sisteem weer om seker te maak dat alle pype, spuitbalk en spuitpunte met die ammoniakoplossing gevul is.
  - v) Laat die ammoniakoplossing in die spuittenk vir ten minste 1 uur staan, voordat die sisteem gedreineer word.
  - vi) Herhaal stappe iii) tot v).
  - vii) Spuitpunte en filters moet verwyder word en in 'n ammoniakoplossing teen die konsentrasie soos hierbo vir ten minste 'n uur gehou word.
  - viii) Besoedeling op die mengapparaat moet ook gewas word met 'n ammoniakoplossing, terwyl residue op die buitekant van spuittoerusting met water afgewas kan word.
- Raak van waswater onslae waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme of boorgate sal besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig die leë houer en moet vir geen ander doel gebruik nie.

**GEBRUIKSBEPERKINGS**

- **Opvolggewasse in sojaboon verbouing:**
  - i) Sojabone mag enige tyd na **Chlormax WP** toediening geplant word.
  - ii) Koring mag slegs vanaf 3 maande na **Chlormax WP** toediening geplant word.

iii) Alle ander gewasse mag eers vanaf 9 maande na **Chlormax WP** toediening geplant word.
iv) Verlengde nawerking teenoor gevoelige opvolggewasse mag veroorsaak word deur:

1. **Chlormax WP** wat op gronde met pH hoër as 7.0 (KCl) en/of gronde met ongebonde kalk.
2. Meer as een **Chlormax WP** toediening in dieselfde seisoen.

- Onder hierdie toestande, raadpleeg u naaste tegniese adviseur vir spesifieke aanwysings.
- Om moontlike opvolggewasskade te vermy, moet die bogenoemde wagperiodes nagekom word na die toediening van **Chlormax WP**. ʻn Toetsplanting word in alle gevalle aanbeveel.
- **Chlormax WP** het ʻn nawerking op ontkiemende onkruide. Hierdie effek sal wissel afhangende van die onkruidspesies, grond pH, grondvog en -temperatuur, gronde met hoë organiese materiaalinhoud, plantreste (veral op grondoppervlak) en hoë klei-inhoud (gewoonlik met ʻn hoë katioonuitruilingskoëffisiënt).
- Maak slegs genoeg spuitmengsel aan vir onmiddellike gebruik. Ongebruikte spuitmengsel moet nie oornag laat staan word nie.
- Reën of besproeiing binne 1 uur (of voor die spuitneerslag drooggeword het) na ʻn **Chlormax WP** toediening, mag verlaagde doeltreffendheid op ontkiemende onkruid tot gevolg hê.
- Dien slegs op onkruide in die groeistadiums soos aangedui toe.
- Moet nie **Chlormax WP** toedien in sojabone wat met enige ander gewas tussen-in geplant is nie.
- **Chlormax WP** moet nie toegedien word in gewasse en onkruide onderhewig aan stremming as gevolg van abnormale weers- of groeitoestande, droogte, versuiptoestande, insekskade, aalwurminfeksies, siektes, voedingstekorte of gewasse onder stremming as gevolg van die gebruik van ander landbouchemikalië nie.
- Moet nie **Chlormax WP** toedien in gewasse wat reeds simptome van grondgedraagte siektes toon nie, want die kombinasie van die siekte en die **Chlormax WP** toediening kan ʻn standverlies tot gevolg hê.
- Moet nie **Chlormax WP** in kombinasie met organofosfaatinsekdoders toedien nie.
- Die werking van **Chlormax WP** kan nadelig beinvloed word indien koel, droë toestande na toediening voortduur.
- Tydelike blaarvergeling en/of karteling van blaarrande van sojabone mag na **Chlormax WP** toediening voorkom. Onder gunstige groeitoestande herstel die gewas vinnig en die opbrengs sal nie beïnvloed word nie.
- Moet nie **Chlormax WP** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket aangedui is nie.
- Dien **Chlormax WP** slegs met veilige en akurate toedieningsmetode toe.
- Indien **Chlormax WP** met ander middels in tenkmengsels gebruik word, moet die gebruiksaanwysings van daardie betrokke produkte gevolg word.
- Moet nie **Chlormax WP** meer as tweemaal per groeiseisoen in sojabone toedien nie.

**WEERSTANDSWAARSKUWING**

Vir weerstandsbestuur is **Chlormax WP** ʻn groepkode B onkruiddoder. Enige populasie van ʻn spesifieke onkruid mag individue insluit wat ʻn natuurlike weerstand teen **Chlormax WP**, of enige ander groepkode B onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **Chlormax WP** of enige ander groepkode B onkruiddoder beheer word nie.

**Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels, van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreels (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbestuurprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Die teenwoordigheid van sulke weerstandbiedende onkruide is moeilik om te bepaal voordat die onkruiddoder toegedien word. Die registrasiehouer en verspreider kan dus nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese wat mag voortspruit uit swak onkruidbeheer van weerstandbiedende onkruidtipes nie. Waar weerstand bekend is, moet **Chlormax WP** nie alleen toegedien word nie. Té lae dosisse **Chlormax WP** of ander groepkode B onkruiddoders sal lei tot onbevredigende onkruidbeheer wat kan bydra tot die ontwikkeling van onkruiddoderweerstand.

GEBRUIKSAANWYSINGS

**Gebruik slegs soos aangedui.**

**MENGINSTRUKSIES**

Meng **Chlormax WP** vooraf as volg:

- Moet nie die oplosbare sakkies met nat handskoene hanteer nie.
- Tel die aantal sakkies benodig volgens die aantal hektare wat behandel moet word en die kapasiteit van die spuittenk.
- Gooi die aantal sakkies in 'n emmer met water en meng om te verseker dat volle disintegrasie van die sakkies en volle dispergering van die inhoud in die water plaasgevind het.

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Meng die benodigde hoeveelheid **Chlormax WP** met ten minste 10 ℓ spuitwater vooraf soos hierbo aangedui. Voeg die voormengsel in die spuittenk tydens roering. Spoel die mengemmer uit met water en voeg die spoelwater in die spuittenk. Voeg die benodigde hoeveelheid benatter in die tenk. Voeg daarna die ander middels, indien van toepassing, by. Vul tenk met water tot die verlangde volume. Roer goed om vermenging te verseker voordat die mengsel toegedien word. As tenkmengsels gemaak word met ander middels, moet die betrokke vervaardiger se etiket gevolg word. **Die tenkmengsel moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om oornag in die spuittenk te staan nie.** Die spuittoerusting moet aan die einde van toediening deeglik uitgewas word soos hierbo aangedui.

**VERENIGBAARHEID**

Die verenigbaarheid van **Chlormax WP** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Deurdat formulerings van tyd tot tyd verander word aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voordat die tenkmengsel gemaak word. Moet nie **Chlormax WP** saam met organofosfaat-insekdoders toedien nie.

**TOEDIENINGSMETODES**

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld gedurende toediening nagegaan word om seker te maak dat die toediening egalig en akkuraat is.

**GRONDTOEDIENING**

Rugsakspuite of 'n konvensionele spuitbalk kan gebruik word. 'n Totale spuitvolume van 200 – 400 ℓ/ha moet gebruik word vir grondtoediening en dit kan toegedien word met soliede- of holkeëlspuitpunte. **Die mengsel moet aanhoudend en deeglik geroer word tydens toediening**. Gebruik slegs skoon water vir toediening. Verhoed oorvleueling van spuitbane en om oortoediening te verhoed moet die spuitpunte afgesluit word wanneer die stelsel aangeskakel, stadig beweeg, draai en tot stilstand kom.

**LUGTOEDIENING**

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n geregistreerde en korrek gekalibreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Die volgende kriteria moet nagekom word;

**Toerusting**

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teiken sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitstelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels binne-in die vlerkpuntvorteks te beperk.

**Toedieningsvereistes**

- 'n Minimum volume van 30 ℓ spuitmengsel per ha word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde spuitvolume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 30 - 40 druppels per vk cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 - 280 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, die wat kleiner as 150 mikron is, tot 'n minimum beperk word.

- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4m bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt van 'n draai is of tydens 'n duik of terwyl dit uitklim of draai nie.
- Dien toe voordat die gewas te ruig word aangesien die druppelbedekking op die plante verminder sal word.

**Meteorologiese Toestande**

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8 ºC oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente en onstabiele weerstoestande toedien of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.
- Moenie onder temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) toedien nie.
- Moenie spuit indien die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

**Algemeen**

- Sorg dat die lande akkuraat gemerk is en die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

**Sojabone**

Dien toe as 'n volle dekbespuiting. Dien **Chlormax WP** na-opkoms toe vanaf 2 – 4 weke na plant op ontkiemende onkruide binne die groeistadium soos onder aangedui. Dien 1 sakkie/ha toe (35 g/ha). 'n Tweede toediening 14 – 21 dae later mag nodig wees om nuut ontkiemende onkruide te beheer of onkruide wat nie deur die eerste toediening voldoende beheer is nie.

**AANBEVELINGS**

| GEWAS | DOSIS (g/ha) | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **Sojabone** | 35 g/ha<br>(1 sakkie/ha)<br>**PLUS**<br>'n geskikte nie-ioniese benatter teen aanbevole dosis | **Grondtoediening:**<br>Dien toe in 200 – 400 ℓ water/ha. Beste onkruidbeheer word verkry wanneer toedienings saamval met optimale groeitoestande, wanneer onkruide aktief groei onder ideale omgewingstoestande.<br>Onkruide moet nie die groeistadiums soos aangedui oorskry nie.<br>**Lugtoediening:**<br>Dien toe soos hierbo in 30 ℓ water/ha. Voeg 'n wegdrywingsbeheer- of teenverdampingsmiddel by indien nodig. |

**ONKRUIDE WAT BEHEER SAL WORD DEUR CHLORMAX WP:**

| | | |
|---|---|---|
| *Amaranthus hybridus* | Gewone misbredie | (4-blaarstadium) |
| *Amaranthus thunbergii* | Rooimisbredie | (4-blaarstadium) |
| *Bidens pilosa* | Knapsekêrel | (4-blaarstadium) |
| *Chenopodium album* | Withondebossie | (4-blaarstadium) |
| *Coronopus didymus* | Peperbossie | (4-blaarstadium) |
| *Cosmos bipinnatus* | Kosmos | (4-blaarstadium) |
| *Datura ferox* | Groot stinkblaar | (4-blaarstadium) |
| *Datura stramonium* | Stinkblaar | (4-blaarstadium) |
| *Galinsoga parviflora* | Knopkruid | (4-blaarstadium) |
| *Leucas martinicensis* | Tolbossie | (4-blaarstadium) |
| *Nicandra physaloides* | Basterappelliefie | (4-blaarstadium) |
| *Raphanus raphanistrum* | Ramenas | (4-blaarstadium) |
| *Richardia brasiliensis* | Tropiese Richardia | (4-blaarstadium) |
| *Solanum nigrum* | Nastergal | (4-blaarstadium) |
| *Tagetes minuta* | Kakiebos | (4-blaarstadium) |
| *Xanthium strumarium* | Kankerroos | (6-blaarstadium, 1 ware blaar) |

**Wisselvallige na-opkoms beheer**

| | |
|---|---|
| *Commelina benghalensis* | Wandelende Jood |
| *Cyperus esculentus* | Geeluintjie |
| *Ipomoea purpurea* | Purperwinde |
| *Tribulus terrestris** | Dubbeltjie |